Die Voortrekkers

VOOR, HEEL VOOR !

Dinsdag, 01 Februarie 2022

Beste Voortrekkers en Ouers

INSKRYWINGS VIR THABA KAMP 2022

Graag nooi ons alle Voortrekkers uit na **Thaba Kamp 2022** wat plaasvind

19/20 - 26 Maart 2022.

Alle Volwassenes, Rigters en Brandwagte meld aan 19 Maart 2022

Veldontdekkers, Jagters, Bittereinders, Veldwagters en Padvinders meld aan 20 Maart 2022

Thaba Kamp is nie net nog ‘n Verkennerkamp nie, jy kom huistoe, waar lewenslange vriende op jou wag en ons vir mekaar omgee. Met die **BLYE VOORUITSIG** (Voortrekker tema vir 2022) van ‘n normale bestaan in die nabye toekoims, is Thaba Kamp **VOOR, HEEL VOOR** en bied ons weer hierdie jaar ‘n wye verskeidenheid veldwerk- en avontuurkursusse aan vir elke graadgroep – teen ‘n baie billike kampfooi.

INSKRYWINGSINLIGTING en **BELANGRIKE INLIGTING** word hier onder verskaf. Lees asseblief beide noukeurig deur. Ons nooi elke Thabaniet, huidig en toekomstig, hartlik uit...

Thaba, jou huis in die bos wag vir jou!

Vriendelike Thaba Groete

Dr Willie Wagner

Kampleier ns Thaba Kampbestuur

GELOOF

RESPEK

INTEGRITEIT

TROTS

kampleier@thabakamp.co.za
administrasie@thabakamp

thabakamp.co.za

https://www.facebook.com/ThabaKamp

NEEM ASSEBLIEF KENNIS !

- Om op 'n Voortrekkerkamp te mag kamp, moet jy 'n **ingeskrewe Voortrekker** wees. Jeuglede registreer as Verkenner en volwassenes as offisier, heemraadslid of jeugvriend (https//registrasie.voortrekkers.co.za/). Lg het geen finansiële of ander verpligting teenoor die Beweging nie. Kontak asb jou naaste kommando of die kampsekretaresse in hierdie verband.
- Jy **moet** weer inskryf vir hierdie kamp, ongeag vorige inskrywings.
- As jy enige navrae oor bepaalde kursusse/groepe het, skakel gerus lede van die Kampbestuur (kyk **BYLAAG A: KAMPBESTUUR THABA 2022)**

INSKRYWINGSINLIGTING (2022)

1.	**KAMPDATUMS EN AANMELDTYE**	1. **AANMELDING: Alle volwassenes, Rigters en Brandwagte**: **10:00** op Saterdag, **19 Maart 2022**. 2. **AANMELDING: Veldontdekkers, Jagters, Bittereinders, Veldwagters en Padvinders: 10:00** op Sondag, **20 Maart 2022**. 3. **KAMPAFSLUITING**: **14:00** op Saterdag, **26 Maart 2022** 4. Niemand sal toegelaat word om te vertrek voordat die kamp verdaag het nie. In uitsonderlike gevalle kan spesiale reëlings getref word met die kampleier by: kampleier@thabakamp.co.za. 5. Die **eerste ete** wat die kombuis sal voorberei is die **aandete van Saterdag, 19 Maart 2022**. Enige etes voor dan moet self voorsien word.
2	**BAIE BELANGRIK** **VROEË AANMELDING**	1. Veldontdekkers, Jagters, Bittereinders en Padvinders **mag slegs op 19 Maart aanmeld** as hulle saam met volwassenes, Rigters of Brandwagte na die kamp toe ry. **Slegs ouers of offisiere moet sodanige reëlings teen 04 Maart 2022 per e-pos met die kampleier tref by** (kampleier@thabakamp.co.za). 2. **GEEN** ander Verkenners sal op 19 Maart aanvaar word nie.
3.	**INSKRYWINGS**	1. Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar. **Om in te skryf, gaan na:** https://inskrywings.voortrekkers.co.za of gaan na https://thabakamp.co.za en klik op die "SKRYF IN" knoppie. 2. **Sperdatum** vir inskrywings: **Vrydag 04 Maart 2022 om 22:00**

INSKRYWINGSINLIGTING (2022)		
4.	**KURSUSSE EN KAMPFOOIE**	1. Verkenner kursusse kan gevind word by **BYLAAG B: VERKENNER-KURSUSSE THABA 2022.** Kursusse word **slegs** vir die grade (soos in 2022) soos aangedui, aangebied 2**.** Die lys van kursusse, dienspunte en kampfooie vir volwassenes kan gevind word by **BYLAAG C: VOLWASSENE KURSUSSE EN DIENSPUNTE THABA 2022**. 3. Let asseblief daarop dat ons vanweë logistiek ons kursusse moet beperk. **Plaas asb jou naam op die waglys as jou kursus vol is, of kies 'n alternatiewe kursus (binne jou graadgroep)/dienspunt.**
5.	**BETALING**	1. Nadat jy ingeskryf het vir 'n groep, sal 'n bevestigings SMS en e-pos aan jou en jou ouers gestuur word, Dit bevat die bankbesonderhede, sowel as jou verwysingsnommer. Betaal asb die fooi met die **verwysingsnommer** as verwysing. 2. **Betaal asb binne 5 werksdae na inskrywing**, so nie sal jou naam op die waglys geplaas word en jou plek in die groep deur 'n ander Voortrekker geneem word 3. Bewys van betaling moet binne 5 werksdae na inskrywing gestuur word na: finansies@thabakamp.co.za. 4. Slegs na betaling sal bevestiging van aanvaarding van 'n inskrywing aan die Voortrekker en ouer of wettige voog gestuur word. Indien so 'n bevestiging nie binne 'n week wat die vorm ingedien EN die betaling gemaak is ontvang is nie, kontak: administrasie@thabakamp.co.za. 5. **Of Thaba 2022 plaasvind of nie, alle onbenutte fooie betaal vir Thaba 2022 sal na die kamp (Mei 2022) terugbetaal word.**
6.	**ONTTREKKING NA INSKRYWING**	1. **Na 12 Maart 2022** is alle aankope reeds gedoen en kan **geen kampfooi** met onttrekking uit 'n kursus **terugbetaal word** nie. 2. Sou 'n Voortrekker onttrek, kan 'n ander Voortrekker in sy / haar plek kom kamp. Verkenner plaasvervangers moet egter in dieselde graad en kursus wees. Só 'n reëling moet met die kampsekretaresse getref word. 3. Navrae insake onttrekkings by die kampsekretaresse by administrasie@thabakamp.co.za.
7.	**INPAKLYS**	1. Elke Voortrekker ontvang 'n **T-hemp.** Verkenners ontvang ook 'n **werkspet.** 2. Die **inpaklys** sal na **14 Februarie 2022** beskikbaar wees by: http://thabakamp.co.za/kamp-inligting/

INSKRYWINGSINLIGTING (2022)		
8.	**TERREIN EN ROETE AANWYSING**	1. Thaba is **80km van Pretoria** af. GPS koördinate van die hek is: 25° 31' 22.47" Suid; 27° 40' 25,61" Oos. 2. Besigtig die terrein by: https://goo.gl/maps/I1Mej 3. Aanwysings na die terrein is soos volg: Ry via Hartbeespoort op die R511 na Brits. Ry deur Brits, sonder om af te draai, met die Thabazimbipad (R511). Volg die pad na Thabazimbi vir ± 11 km. Draai links by die BETHANIE afrit (groot bord wys "Walk with Lions", Ukutula Lodge Lion Park). Volg die pad (sonder om weer af te draai) vir ± 8 km (laaste 3 km is openbare grondpad). Draai links by die Thaba naambord,100m na hoogspanningsdrade oor die pad.
9.	**VERVOER**	**Eie vervoer na en van die kamp**. Dit word ten sterkste aanbeveel dat saamry geleenthede gereël word om hierdie koste tot 'n minimum te beperk.
10.	**VERBLYF**	**Verkenners** 1. **Tente word aan jeuglede verskaf** , **behalwe Rigters en Padvinders**, of indien anders versoek **(sien die inpaklyste).** 2. **RIGTERS** en **PADVINDERS moet eie tente saambring**. Slegs 50% besetting (1-man tent uitgesluit natuurlik) per tent word toegelaat. **Volwassenes** 1.Volwassenes verskaf hul **eie tente.** 2. Ongetroude lede van die teenoorgestelde geslag, word nie toegelaat om 'n tent te deel nie. 3. Tentbesetting is maksimum 50%, maw slegs 1 persoon in 'n 2-man tent, ens. Volledige gesinne mag egter 'n tent deel . 4. **Verkenners** van wie die ouers op die kamp is, **deel nie tente met ouers nie**, maar **bly saam met hulle mede-kursusgangers.**

BELANGRIKE INLIGTING (2022)		
1.	**<u>BAIE BELANGRIK</u>** **COVID MAATREËLS**	1. Jeuglede en volwassenes wat ingeskryf het vir die kamp, word gevra om nie kamp toe te kom indien die jeuglid/volwassene verkoue simptome toon nie 2. By aankoms sal ouers van lede gevra word om die voorgeskrewe Covid vrae te beantwoord en temperatuur sal gemeet word. Soos per voorskrif sal risiko gevalle dadelik huistoe gestuur word en nie die kamp bywoon nie. 3. Elke kampganger bring sy/haar eie **masker (verkieslik een per dag)** en 'n **bottel (minstens 100 ml) handontsmettingsmiddel** saam. Indien nodig, sal dit tydens die kamp aangevul word. 4. Alle voorgeskrewe Covid-maatreëls itv die dra van maskers, sosiale distansieëring en handewas geld. Thaba se Covid Standaard Werksprosedures is op ons webblad beskikbaar
2.	**SNOEPIE**	Daar sal 'n snoepie tydens die kamp bedryf word waar lekkergoed, koeldrank en aandenkings aangekoop kan word.
3.	**THABA PETTE**	1. **Werkspette word aan die Verkenners verskaf**. 2. Thaba se **gekamoefleerde fidelpette** is die **seremoniële drag** en kan aangekoop word teen **R95.00**. 3. **VELDONTDEKKERS, JAGTERS** en **PADVINDERS** ontvang almal wel fidelpette.
4.	**SIGARETTE, DRANK, DWELMS EN ITEMS VAN SEKSUELE AARD**	1. Die **gebruik of die besit** van **sigarette en e-sigarette deur jeuglede, en** die **gebruik of die besit** van **alkoholiese drank, dwelmmiddels (insl dagga)** en items van seksuele aard, soos pornografie, deur **alle kampgangers** is **verbode**. 2. **Volwassenes rook/e-rook nie** in die **teenwoordigheid/ten aanskoue van jeuglede nie**. **Waterpype** (Hubbly Bubbly) word **nie** op die kamp **toegelaat nie**. 3. 'n Inskrywing vir hierdie kamp impliseer dat **hierdie beleid verstaan en nagevolg sal word** en dat die kampganger **in geval van 'n oortreding / vermoedelike oortreding** sy/haar besittings sal onderwerp aan **deursoeking** deur lede van die kampdagbestuur 4. Indien gevind word dat 'n persoon hierdie beleid oortree, kan die persoon aan die Voortrekkers se dissiplinêre proses onderwerp word.
5.	**SAPD / SANW UNIFORMS**	1. Dit is 'n kriminele oortreding om die huidige SAPD of SANW uniformstukke ongemagtig te besit of te dra (Verdedigingswet No 42/2002, Hoofstuk 17, Artikel 5). Laat asb sulke uniformstukke by die huis. Buitelewe- en klerewinkels het ook "kamoefleerdrag" as jy dit graag wil dra.

BELANGRIKE INLIGTING (2022)		
		2. Indien enige SAPD of SANW uniformstukke deur ‘n ongemagtigde persoon gedra word, kan dit deur lede van die SANW (wat die kamp bywoon) gekonfiskeer en aan die Militêre Polisie oorhandig word.
5.	**VRYWARING**	1. Die standaard vrywaring van Die Voortrekkers, vir volwassenes en jeuglede, is van toepassing en deur in te skryf aanvaar die ingeskrewe persoon/ouers/voogde sodanige vrywaring. 2. Die kampdagbestuur van Thaba Kamp behou die reg om enige inskrywing vir Thaba Kamp 2022 te weier.

BYLAAG A: KAMPBESTUUR THABA KAMP 2022

AMP		NAAM EN VAN	KONTAK NR	E-POSADRES
Kampleier		Willie Wagner	082 921 3822	kampleier@thabakamp.co.za
Praefectus		Jaco van der Walt	072 312 7722	
Kampsekretaresse		Janina Schultz	083 686 8644	administrasie@thabakamp.co.za
Kamptesourier		Almarie van den Berg	083 557 9354	finansies@thabakamp.co.za
Kapelaan		(Kampleier)		
Hoof Veldwagmeester		Jacques Botha	084 505 5733	
Groepleiers	Veldontdekkers	Petra Bester	082 392 1856	
	Jagters	Louis Keyser	083 308 1757	
	Bittereinders	MJ Gouws	082 253 5977	
	Brandwagte	(Kampleier)		
	Veldwagters	(Kampleier)		
	Padvinders	Wim Wagner	082 990 3296	
	Rigters	Nerina van Wyk	072 426 8720	
	Raakvatters	Elsa Schnetler	082 707 2010	

BYLAAG B: VERKENNERKURSUSSE THABA 2022

KURSUS *SO Kenteken 1* *SO Kenteken 2*	**Gr**	**FOOI**	**BESKRYWING**
VELDONTDEKKERS *Veldstudie* *Kamplewe*	8	**R1200.00**	Ontdek die veld deur ervaring. Leer die veld ken soos nog nooit te vore nie en leer terselfdertyd om vir jouself te sorg in die veld. Jy sal nooit weer bang wees vir wat die veld kan oplewer nie.
JAGTERS *Jag en Wildbeheer* *Boogskiet*	8	**R1200.00**	Leer jagtegnieke, wildbeheermetodes en talle ander vaardighede soos biltongmaak. Na hierdie kursus het jy ook eerstehandse ervaring van boogskiet en boogjag.
BITTEREINDERS *Veldvernuf* *Paraatheid*	9	**R1200.00**	Hierdie kursus is aangepas om vir jou 'n oorlewingservaring te gee soos min. Jy leer nie net oorlewingsvaardighede nie, jy ervaar dit! En natuurlik is selfbeveiliging in ramp/noodsituasies deel van oorlewing.
VELDWAGTERS *Veldwagter* *Vuurwapens*	9	**R1200.00**	Die veldwagter leer om wild in sy habitat te ken, te verstaan en te beskerm. Terselfdertyd is die veldwagter in staat om wildstroping te identifiseer, per radio hulp te ontbied en vuurwapens te kan hanteer. Die veldwagter leer om die veld te ken en gemaklik en veilig daarin te leef.
BRANDWAGTE *Kampbeveiliging* *Radiospraak*	10	**R1200.00**	Rampbestuur, gebeurlikheidsbeplanning, selfverdediging, makkerhulp – alles deel van die Brandwagte ervaring, wat terselfdertyd 'n noodsaaklike diens aan die kamp lewer. Enig in sy soort, waar rondsit en niksdoen nie bestaan nie… **Brandwagte moet voor 10:00 op Saterdag, 19 Maart aanmeld.**
PADVINDERS 2022 *Veld Selfbehoud* *Waardes*	11	**R1250.00**	Thaba se unieke Padvinderkursus help die Verkenner om hom- / haarself te leer ken onder omstandighede waar die ware self na vore kom. Professioneel gefasiliteer deur spesialiste het die Padvinders 'n onvergeetlike leerervaring. Geen liggaamlike of geestelike aftakeling word enigsins toegepas nie. Thaba Padvinders is enig en die beste in sy soort – en nie kinderspeletjies nie!
RIGTERS *Dienaar-Leier* *Burgerskap* **(slegs per uitnodiging)**	12	**R1250.00**	Vaardighede wat tydens die vorige kursusse opgedoen is, sowel as addisionele lewensvaardighede, word bevestig en afgerond. 'n Heerlike ervaring wag op hulle wat baie hard daarvoor gewerk het. **Rigters moet voor 10:00 op Saterdag, 19 Maart aanmeld.**

Belangrik vir Rigters en Brandwagte

1. Bring middagete saam vir Saterdagmiddag, 19 Maart 2022.
2. Die eerste ete uit die kombuis is Saterdagaand.

BYLAAG C: VOLWASSENE KURSUSSE EN DIENSPUNTE THABA 2022

KURSUS / DIENS	FOOI	BESKRYWING
RAAKVATTERS	**R840.00**	Die spanhanteringkursus, tesame met die algemene veldvaardighede soos kaart en kompas, touwerk, skuilingbou, seremonies en mentorskap word aangebied. Die kursus is ontwikkel vir nuwe Verkenner spanoffisiere, sowel as ervare offisiere wat meer wil leer oor die aanbieding van vaardighede vir Verkenners
MENTOR of **INSTRUKTEUR** by 'n kursus (Kyk **BYLAAG B**)	**R840.00**	1. 'n **Mentor** is gewoonlik 'n jonger volwassene wat 'n span van sowat 10 Verkenners lei, begelei, fasiliteer en mentor in die aanleer van die kursusvaardighede, mensvaardighede en Thaba se waardestelsel. 2. 'n **Instrukteur** is gewoonlik 'n veldkenner en/of gevestigde volwassene wat as vakspesialiste die kursusleier bystaan in kennis- en vaardigheidsoordrag. 3. 'n Mentor/instrukteur kies gewoonlik die kursus om by in te skakel, maar kan gevra word om by 'n ander kursus diens te doen. Padvinder- en Rigter mentors/instrukteurs word genooi om aan die kursusse deel te neem.
	R1250.00	As jy deel is van die **Rigter 2021** groep, wat in Januarie 2022 die Mentor/Rigter kursus gedoen het en tydens Thaba 2022 ingelyf word as Rigter, dan skryf jy in onder Mentor/Rigter.
VELDWAGMEESTER	**R580.00**	'n **Veldwagmeester** hou die kamp se infrastruktuur in stand en lewer logistieke steun aan kursusse in die veld.
KOMMUNIKATOR	**R840.00**	'n **Kommunikator** kommunikeer kampaktiwiteite deur middel van foto's videos en "nuusberigte" na alle kampgangers en dra die beeld van die kamp uit na buite deur sosiale media. 'n Kommunikator tree ook op as skakelbeampte vir die kamp.
NOODHELPER	**R840.00**	Die **Noodhelper** ("Medic") is 'n opgeleide mediese/paramediese/ noodmediese persoon wat noodgevalle stabiliseer, sowel as ligte beserings behandel en geringe klagtes hanteer. Verkieslik Vlak 3 Noodhelper of hoër.
SJEF	**R330.00**	'n Sjef berei maaltye voor onder leiding van die kampspysenier. Grootmaat voedselvoorbereiding in 'n goed-toegeruste, semi-primitiewe kombuis lei tot 'n onvergeetlike ervaring.
KLEUTER	**Gratis**	Kinders tot en met Gr R. (ontvang nie 'n t-hemp, maar kan aangekoop word).
LAERSKOOLKIND	**R330.00**	Kinders Gr 1 tot en met Gr 7. (T-hemp ingesluit).
LANGNAWEEKKAMPER	**R360.00**	Wil jy kom help kamp opslaan van Saterdag af? Jy is selfversorgend tot en met middagete op Saterdag. Ongelukkig moet jy die kamp teen 17:00 op Maandag 21 Maart verlaat. T-hemp nie ingesluit nie, maar jy kan een koop. Alle kampreëls geld ook oor die voorbereidingstydperk.

Belangrik!

1. Volwassenes meld aan voor 10:00 op Saterdag 19 Maart 201.
2. Bring middagete saam, die eerste ete uit die kombuis is Saterdagaand.